

Maandag 28 Februarie

Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:11-17

Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:17b (1983-vertaling)

Vrees God. Eer die keiser.

Keiser Claudius van die Romeinse Ryk het die Jode in 49 nC uit Rome verban en keiser Nero, die wreedaard, het die Christene vurig vervolg en gemartel. In die tyd van Petrus het die Romeinse maghebbers die wêreld met mag verower en met bedrog en onreg oor die provinsies (of oorwonne gebiede) regeer. Keisers moes aanbid word en belastings moes betaal word. Baie Jode was opstandig. Die splintergroep of party met die naam van Selote het soms met die swaard teen hierdie heersers geveg. Hulle Latynse naam was *sicarii* (dolkstekers).

Te midde van hierdie heidense oorheersing oor die wêreld en oor God se volk kom vestig Christus sy koninkryk van vrede en geregtigheid. In Matteus 22:21 hoor ons hoe Jesus sê: “Betaal die keiser wat hom toekom, en aan God wat Hom toekom.” En Paulus laat oor in Romeine 13 dat God se kinders die owerheid (selfs die Romeinse owerheid) moet eer en gehoorsaam. Paulus waarsku egter teen die goddelike verering van die keiser asof hy here (*kurios*) is. Want slegs Jesus is Here (1 Kor. 12:1).

Maar vrees God en eer die keiser! Die werkwoordsvorm wat hier vir beide woorde gebruik word, dui daarop dat dit iets is wat voortdurend moet gebeur; dit moet ons Christelike styl en manier van lewe wees: om God te eer of ontsag vir Hom te hê, en om respek en erkenning te betoon aan die owerhede wat God oor ons gestel het. Dit moet deel wees van ons godvrugtige lewe.

Die hart van ons godsdiens of geloofslawe is om God te vrees, oftewel Hom te aanbid en te eer as die enigste Here en Hom bo alles te gehoorsaam. En die keiser of owerheid? Dit is 'n mens en nie 'n god nie, hy/hulle word nie aanbid nie, want 'n keiser is nie die Here nie, maar sy dienaar! En 'n dienaar is nooit groter as sy heer nie. Slegs Jesus is ons Here en Koning.

Mag die owerhede oor ons met nederigheid en wysheid dienaars van God wees tot ons beswil, en mag ons hulle eer en gehoorsaam wees in alles wat reg en billik is en nie met die Woord van God in stryd is nie (NGB Art. 36).

Sing: Psalm 91-1:1, 2

Prof. A le R du Plooy (Dries) (emeritus)